

Woensdag 3 Mei

Skrifgedeelte: Johannes 14:15-26

Fokusgedeelte: Johannes 14:16, 17; HK Sondag 20, Vraag 53

Die Heilige Gees as Gawe

In die vorige dagstukkies (2 Mei) is reeds aangedui dat die Heilige Gees 'n gawe van God aan sy kinders is. Die vraag is: Presies *van wie* is die Heilige Gees 'n gawe? Die Skrif antwoord op die vraag: Die Heilige Gees is 'n gawe van die Vader en die Seun. Dat die Heilige Gees 'n gawe van die Vader is, blyk onder andere uit Johannes 14:16, 17 as Jesus sê: *“Ek sal die Vader vra en Hy sal vir julle 'n ander Voorspraak stuur om vir ewig by hulle te wees, naamlik die Gees van die waarheid.”*

Die Heilige Gees is egter ook 'n gawe van God die Seun, want volgens Johannes 16:7 sê Jesus van die Heilige Gees: *“Ek sal Hom na julle toe stuur.”* In Galasiërs 4:6 word die Heilige Gees die Gees van God se Seun genoem. Die uitstorting van die Heilige Gees is dus sowel 'n daad van die Vader en van die Seun (Geloofsbelofte van Nicea; NGB art. 8), In 'n sekere sin is dit die bekroning van Christus se werk as Messias. Die uitstorting van die Heilige Gees is eintlik die groot en omvattende gawe wat uit die verlossingswerk van Christus voortvloei.

Aan wie is die Heilige Gees egter gegee? Uit die gebeure op Pinkster is dit duidelik dat Hy gegee is aan die gelowiges wat in Jerusalem bymekaar was en op die vervulling van die belofte van Christus gewag het. Die Gees het dus na die Nuwe-Testamentiese kerk van die Here gekom. Hulle het die gawe van die Heilige Gees verstaan en dit ook met groot blydskap ontvang (Hand. 2:14-36). Die ongelowiges het dit nie verstaan nie (Hand. 2:13). Dit is te verstane, want Christus het gesê dat die wêreld die Heilige Gees nie kan ontvang nie, omdat hulle Hom nie sien en nie ken nie (Joh. 14:17).

Ons belydenis laat ons egter verstaan dat ons hier ook met 'n intiem-persoonlike saak te doen het as hy sê: *“Hy is ook aan my gegee.”* Ook aan my! Hierdie belydenis mag ons nooit loslaat nie. Ons moet ons inspan en bid om daartoe te kom om met oortuiging te kan bely: Die Heilige Gees is ook aan my gegee. Die Gees woon in die midde van die gemeente, maar Hy woon ook in die hart van elke gelowige.

As ons die stil, verborge werking van die Gees in ons lewens ervaar, as daar by ons berou is oor ons sonde en ons verlang na die versoening in Christus, as die blydskap van die geloof in ons harte opkom of 'n onver-klaarbare krag en troos in donker dae – dan kan ons weet dat dit alles die werk van die Heilige Gees is, wat die Here aan ons geskenk het om ons te troos en altyd by ons te bly.